WEEK 5 - HERHALINGS VAN BERIGTE/INLIGTING IN 'N VORIGE VRYPOS

BEDIENINGSBEGELEIDING:

Wêreldbekende kenner in prediking (Thomas Long) besoek Bloemfontein:

Hiermee rig dié Bediening 'n uitnodiging aan alle leraars en belangstellendes om die geleentheid by te woon. Rev Thomas sal op **Donderdag 15 Maart 2018**, by die NG Gemeente Pellissier, Bloemfontein, praat oor sy boeke, *The Witness of Preaching* (oggend- en middagsessie) en *Beyond the Worship Wars - Building Vital and Faithful Worship* (aandsessie). *The Witness of Preaching* (1989, 2005 en 2016), is onlangs deur die *Preaching Magazine* as een van die mees invloedryke handboeke in prediking die afgelope 25 jaar, aangewys! Indien julle sou belangstel om die besondere geleentheid by te woon, klik asseblief op die volgende skakels vir die betrokke dokumente, **uitnodiging/inligting** - **program** - **inskrywingsvorm.** Ons besef terdeë dat dit regtig baie duur raak om in gastehuise, ensovoorts oor te bly en daarom word gratis oorslaapplek op versoek, by die gemeentelede van Pellissier gereël, let asseblief daarop!

BEDIENING: VENNOTE IN GETUIENIS

Hierdie bediening beskik oor 'n kampterrein, *Floradale Haven*, wat buite Bloemfontein op die Bultfontein-pad geleë is. Hulle verhuur dit aan persone wat net vir 'n dag/naweek wil wegbreek, of moontlik 'n konferensie/werkswinkel, ensovoorts, daar wil aanbied. Kontak hulle gerus vir meer besonderhede:

GEMEENTE NUUS:

Daniël Mannekonferensie NG Heilbron-Suid:

Hierdie gemeente tree op as gashere vir hierdie konferensie wat by Vegkop naby Heilbron sal plaasvind. Alle inligting hieroor is reeds aan gemeentes in die Vrystaat gestuur - klik ook **hier** vir 'n volledige inligtingsdokument.

Sendelinge kuier by Woodland Hills:

Belangstellendes word uitgenooi om na die stories van Willem en Alla van der Colff, sendelinge uit die Oekraïne te kom luister. Hulle bedien vanaf 1995 in die Oekraïne en woon in die stad Vinnitsa - hulle bediening fokus om te bereik, te leer en te motiveer tot bedieningsbetrokkenheid. Hulle gaan gesels oor:

- Evangelisasie en Kerkplanting

- Dissipelskap [met 'n spesiale fokus op die gesin]
- Sending

Plek: Woodland Hills Gemeenskapskerk

Datum & tyd: Sondag 4 Maart om 18:00

Kontak gerus die kerkkantoor op 051 492 3064 indien jy sou belangstel om die geleentheid by te woon (daar moet reëlings getref word vir toegang tot Woodland Hills).

Sheri Brynard kuier by NG Steynsrus:

ANDER GEBEURE:

Jesus - Die Passiespel: Die ATKV-tak se Gemeenskapsteater, wat die vervaardiging van die uiters suksesvolle produksies, *Pilatus - 'n kruis in die pad* (2016) en *Judas Iskariot - wat is die prys van bloedgeld?* (2017), behartig het en ook tydens die 2017 Algemene Jaarvergadering van die ATKV die WOW-projek vir Pilatus ontvang het (dus die beste nasionale projek van 2016), kondig met trots hul volgende projek aan: ***Jesus - Die Passiespel…*** Dit is gemeenskapsteater op sy heel beste en word in samewerking met PACOFS, ATKV, *Free State Youth Orchestra* (olv Alexander Fokkens), *Volksblad*, *Bloemnuus*, *Radio Rosestad* en *Copy King* gedoen. Kaartjiepryse is ook so laag as moontlik gehou om dit bekostigbaar vir almal te probeer maak (R80 en R95).

Dit is vars. Dit is uniek. Dit is groot… en dit is in Afrikaans!
Wat is die grootste daad van liefde?
Kom vind uit… Jesus - Die Passiespel.